3 MAART **SKRIFGEDEELTE: JAKOBUS 1:1-18**
FOKUSGEDEELTE: JAKOBUS 1:5

Wysheid ten tye van beproewing

Ons het wysheid nodig as dit kom by God se doel met beproewings wat oor ons lewenspad kom. Volgens Jakobus moet mens beproewings met blydskap ervaar. Die rede daarvoor is dat ons verseker weet dat die Here ons daardeur leer om in die geloof te volhard en in die geloof volwasse te wees. Die probleem is egter dat ons nie altyd verstaan waarheen die Here ons lewens wil stuur met die beproewings nie. Dikwels weet ons ook nie hoe ons as gelowiges moet optree nie. Om te verstaan waarheen die Here op pad is, het ons wysheid nodig.

Wysheid is hier vir Jakobus die vermoë om ten tye van beproewings jou insig en kennis te gebruik om op die regte tyd tot die regte besluit te kom. Hierdie wysheid kom nie van mense af nie, dit kom alleen van God. Daarom beveel Jakobus ons om in vertroue wysheid van God te vra. Aan almal wat vra, sal die Here wysheid gee. Ons Here vra nie dat ons iets in ruil vir die wysheid gee nie. Hy verwyt ons ook nie daaroor dat ons die wysheid gehad het en dit vanweë ons sonde verloor het nie. Hy verwyt ons nie eens oor al die onwyse besluite wat ons geneem het nie. Hy gee wysheid sonder verwyt. Hy gee wysheid sonder om te huiwer.

Wanneer daar dus beproewings op jou lewenspad kom, vra vir die wysheid om op die regte tyd die regte besluit te neem.

Sing: Psalm 34:1, 2 (1936-beryming) *Ds Gideon Coetzee (Groblersdal)*